higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede vraestel)

**NKR-VLAK 4**

(3011004)

**29 November 2024 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**VEREISTES:** **Een BOE 8/15 omslagvouer vir kandidate om drukstukke en antwoordblaaie in te sit.**

**'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye, 1 addendum en 'n antwoordboek van 2 bladsye.**

560Q2S2429

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR-VLAK 4
(Tweede vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Beantwoord AFDELING A in die ANTWOORDBOEK (voorsien). Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER in die toepaslike ruimte, gee in saam met die drukstukke van AFDELING B en AFDELING C.

5. Gebruik toepaslike rekeningkundige sagteware vir AFDELING B en AFDELING C.

6. Gebruik 'n aparte stel boeke vir AFDELING B en AFDELING C.

7. Gebruik die tabel hier onder as 'n riglyn vir hoeveel tyd om op elke vraag te bestee.

8. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

9. Skryf netjies en leesbaar.

| VRAE | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| **1** | Kort teoretiese vrae | 20 | 20 minute |
| **AFDELING B** | | | |
| **2** | Prakties op rekeningkundige sagteware | 120 | 1 uur 40 minute |
| **AFDELING C** | | | |
| **3** | Prakties op rekeningkundige sagteware | 60 | 1 uur |
| | **TOTAAL** | **200** | **3 uur** |

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Dokument ontvang wanneer tweedehandse meubels by 'n verkoper gekoop word. | A | ouderdomsanalise |
| | | B | belastingfaktuur |
| 1.1.2 | Dokument wat gebruik word wanneer klante voorraad teruggee | C | debietnota |
| | | D | standard-BTW |
| 1.1.3 | Opgestel deur 'n besigheid om rekord te hou van klante se uitstaande skuld volgens die verskillende tydperke | E | verskafferfaktuur |
| | | F | oorbetaling |
| | | G | kredietnota |
| 1.1.4 | Dokument gegenereer deur 'n onderneming wanneer voorraad op krediet verkoop word. | | |

(4 × 1) (4)

1.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die inkomstestaat weerspieël die finansiële (posisie/prestasie) van 'n besigheid vir 'n spesifieke tydperk.

1.2.2 Korting ontvang op vroeë betalingsvoorwaardes aan 'n verskaffer is onderhewig aan (0%/15%) BTW.

1.2.3 Die bankrekonsiliasieproses vergelyk die transaksies in die kasboek met die (bewys van betalings ontvang/bankstaat).

(3 × 1) (3)

1.3 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer

1.3.1 Watter EEN van die volgende is nie 'n voordeel van rekeningkundige sagteware nie?

A Opgradering van rekenaars
B Verwerking van groot hoeveelhede data
C Uitvoer van inligting na ander sagtewaretoepassings
D Gebruik van skandeerders en strepieskodes as invoermetodes

Kopiereg voorbehou 

1.3.2 Waardevermindering van 'n voertuig is onderhewig aan ….

A Standaard-BTW
B Geen BTW
C Kapitaal-BTW
D Kapitaal-BTW en Vrygestelde verskaffing

1.3.3 By die aantekening van kredietaankope van voorraad, as die prys van 'n voorraaditem op die oorspronklike faktuur verskil van dié op die rekeningkundige stelsel, watter bedrag moet aangeteken word?

A Die bedrag op die opgawe en debietnota
B Die bedrag op die duplikaatverskaffersfaktuur
C Die bedrag op die oorspronklike belastingfaktuur
D Die bedrag op die gerekenariseerde rekeningstelsel

(3 × 1) (3)

1.4 Die volgende onvolledige belastingfaktuur is uit die rekords van LB Computers onttrek.

**BELASTINGFAKTUUR**
**LB COMPUTERS**



*No.* ***LB5***

Spencestraat 5
Parow7500

✆021 234 5678
💻082 345 6789
BTW Reg. No.: 794613285

**AAN:** Computer Traders
Raziaweg 95
8301 DAVEL

**BEPALINGS:** 10%-faktuurafslag
7,5% afslag binne
15 dae vanaf faktuur

25/03/2024

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | | Bedrag | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | Hardeskywe | 2 420 | 00 | 24 200 | 00 |
| 8 | Monitors | 4 175 | 00 | 33 400 | 00 |
| 6 | Verwerkers | 1 340 | 00 | 8 040 | 00 |
| | | | Subtotaal | **1.4.1** | |
| | | | 10%-afslag | **1.4.2** | |
| | | | 15%-BTW | **1.4.3** | |
| | | | TOTAAL | **1.4.4** | |

Gebruik die inligting in die belastingfaktuur om die volgende te bereken. Toon alle berekeninge. Rond antwoorde af tot 2 desimale.

1.4.1 Die subtotaal van die faktuur (3)

1.4.2 Die handelskorting (2)

1.4.3 BTW bereken teen 15% (3)

1.4.4 Die totale bedrag verskuldig aan LB Computers (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Maak die rekeningstelsel van Colby Traders (**COLBY**) oop, wat reeds op jou rekenaar gelaai is.

2. Die wagwoord is 123.

3. Kies SETUP.

4. Kies COMPANY PARAMETERS.

5. Kies die COMPANY-oortjie.

6. In die COMPANY DETAILS, kies die *Company name*-afdeling en klik op '*Educational number*'.

7. Druk CTRL + SHIFT + T en voeg jou EKSAMENNOMMER in die blokkie wat verskyn. Klik OK.

Nancy Louw het 'n besigheid genaamd **Colby Traders** begin. Die besigheid verkoop kruideniersware en maak van 'n gerekenariseerde rekeningstelsel gebruik. Nancy het jou as die boekhouer aangestel.

Die besigheid is vir BTW-doeleindes geregistreer en maak tweemaandelikse betalings aan die SAID, volgens die faktuurbasis.

Doen die volgende:
- Verwerk die transaksies vir Maart 2024 (Periode 1)
- Genereer en gee drukstukke in soos vereis op bladsy 16.

Die volgende opstelling is REEDS GESKEP in die boeke van Colby Traders.

(a) **PERIODE**

Die finansiële jaar van die besigheid strek van 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025. Die huidige tydperk is Maart 2024, wat tydperk 1 is.

(b) **INSKRYWINGSTIPE (*ENTRY TYPE*)**

| NOMMER | INSKRYWINGSTIPE |
|---|---|
| 1 | Kontantbetalingsjoernaal (CB 1) |
| 2 | Kontantontvangstejoernaal (CB 1) |
| 3 | Kleinkasbetalingsjoernaal (CB 2) |
| 4 | Kleinkasontvangstejoernaal (CB 2) |
| 5 | Algemene Joernaal |
| 6 | Klantejoernaal |
| 7 | Verskaffersjoernaal |
| 8 | Klantetoelaejoernaal |
| 9 | Verskafferstoelaejoernaal |
| 10 | Slegte Skuld-joernaal |
| 11 | Rente Gehef-joernaal |
| 12 | Voorraadjoernaal |

(c) **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW - 15%)**

Die besigheid is geregistreer as 'n BTW-onderneming en BTW word volgens die faktuurbasis vasgelê. Verwys na die aangehegte BYLAAG oor die toelaatbare aftrekkings ten opsigte van INSETBELASTING.

(d) **KLANTE**

| KLANTEKODE | KLANTE |
|---|---|
| CUS1 | Z. Ferreira |
| CUS2 | I. Klue |
| Z99 | Kontantverkope |

(e) **VERSKAFFERS**

| VERSKAFFERSKODE | VERSKAFFERS |
|---|---|
| LS1 | Lucky Stores |
| ST2 | Super Traders |

Kopiereg voorbehou 

(f) **VOORRAAD**

Die voorraadstelsel van die onderneming word op 'n deurlopende basis met die rekenaarprogram hanteer.

Voorraad word opgemerk teen 75% op die kosprys behalwe waar anders aangedui op die voorraaditem.

Eksklusiewe belastingverwerking word toegepas op alle voorraadaankope en -verkope behalwe waar anders aangedui op fakture.

Die volgende voorraadkodes en pryse (**BTW uitgesluit**) is van toepassing:

| Voorraadkode | Beskrywing | Eenheid | Kosprys | Verkoopprys |
|---|---|---|---|---|
| B001 | Beesmaalvleis | 500 g | 53,99 | 94,49 |
| C001 | Tjips | 150 g | 12,00 | 21,00 |
| DC | Afleweringskoste | | | 250,00 |
| O001 | Omo (opgemerk teen 110% op koste) | 1,5 ℓ | 90,00 | 189 |
| P001 | Partytjiepak | Elk | 89,40 | 156,45 |
| R001 | Ricoffy | 750 g | 119,40 | 208,95 |
| T001 | Tandepasta | Elkeen | 23,99 | 41,99 |
| W001 | Weetbix | 900 g | 28,79 | 50,39 |

(g) **TERMYNKODES**

- 5% afslag binne 60 dae vanaf laaste dag van periode.
- 10% afslag binne 30 dae vanaf laaste dag van periode.
- 15% afslag binne 15 dae vanaf laaste dag van periode.

(h) **AANNEEMSALDO'S (*TAKE-ON BALANCES*)**

Alle openingsaldo's is vasgelê, BEHALWE vir die openingsaldo van verskaffer Lucky Stores.

Kopiereg voorbehou 

**VEREIS**

- Lê die openingsaldo's vir verskaffer Lucky Stores vas in die betrokke joernaal. Druk en werk die joernaal by.
- Gebruik die brondokumente en inligting wat hier onder verskaf word om die transaksies in die toepaslike joernale of dokumente in periode 1 (Maart 2024) in die boeke van Colby Traders aan te teken.
- Gebruik die ADDENDUM (aangeheg) om toelaatbare aftrekkings ten opsigte van insetbelasting te bepaal.
- Gebruik die rekeningstruktuur vir die Algemene Grootboek wat opgestel is. As daar geen rekening is om 'n transaksie in te voer nie, skep die rekening.
- Druk al die dokumente na verwerking. Wanneer u joernale druk, kies *Print with contras*.
- Werk al die dokumente en joernale by na druk.
- Verwys na bladsy 16 vir 'n volledige lys van die DRUKSTUKKE wat jy moet ingee om nagesien te word. Gee die DRUKSTUKKE in in die volgorde op bladsy 16. VYF (5) punte sal afgetrek word indien DRUKSTUKKE nie in hierdie volgorde ingegee word nie.

2.1 **NEEM SALDO'S AAN**

2.1.1 Die openingsaldo's van die volgende verskaffer is nie vasgelê nie. Teken die openingsaldo's in die betrokke joernaal aan deur die verskaffer-tydsontleding hier onder te gebruik.

Gebruik die Verwysing: SJ1 en die Beskrywing: Opening bal.

| **VERSKAFFER-TYDSONTLEDING OP 29 FEBRUARIE 2024** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VERSKAFFER** | **60 dae** | **30 dae** | **Huidige** | **Totaal** |
| Lucky Stores | R2 000,00 | | R5 500,00 | R7 500,00 |
| **Totaal** | **R2 000,00** | | **R5 500,00** | **R7 500,00** |

2.1.2 Alle ander aanneemsaldo's is verwerk.

2.1.3 Druk 'n verskaffer-tydsontleding soos op 29 Februarie 2024 met beskrywings en geen besonderhede nie. (4)

## 2.2 KREDIETAANKOPE VAN VOORRAAD

*** **BAZAAR GROCERS**

Smithstraat 112
PAROW 7500

✆064 321 0987
@ shop@iafrica.co.za

**NO**. 123

07/03/2024

## BELASTINGFAKTUUR

BTW Reg. No.: 987654321

**AAN:** Colby Traders
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

**BEPALINGS:** 5% afslag binne 60 dae
10% algehele afslag

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | | Bedrag | |
|---|---|---|---|---|---|
| 50 | Beesmaalvleis | 55 | 00 | 2 750 | 00 |
| 60 | Partytji pak | 98 | 99 | 5 939 | 40 |
| 70 | Weetbix | 28 | 97 | 2 027 | 90 |
| | | | Subtotaal | 10 717 | 30 |
| | | | 10% afslag | 1 071 | 73 |
| | | | | 9 645 | 57 |
| | | | 15% BTW | 1 446 | 84 |
| | | | TOTAAL | **11 092** | **41** |

*** Skep die nuwe verskaffer deur die rekeningstruktuur wat reeds opgestel is, te gebruik. Kredietlimiet: R5 000,00.

Kopiereg voorbehou

# LUCKY STORES

✆021 246 1379
@ lucky.s@gmail.com

BTW Reg. No.: 147852369

**BELASTINGFAKTUUR** **456**

**AAN:** Colby Traders
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

Taborlaan 63
BOSTON7530

14/03/2024

**BEPALINGS:** 15% afslag binne 15 dae
15% handelskorting

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | | Bedrag | |
|---|---|---|---|---|---|
| 30 | Tandepasta | 23 | 99 | 719 | 70 |
| 20 | Omo | 98 | 98 | 1 979 | 60 |
| 10 | Tjips | 12 | 50 | 125 | 00 |
| | | | Subtotaal | 2 824 | 30 |
| | | | 15%-afslag | 423 | 64 |
| | | | | 2 400 | 66 |
| | | | 15% BTW | 360 | 10 |
| | | | TOTAAL | **2 760** | **76** |

# SUPER TRADERS

✆021 246 1379
@ ST@cloud.co.za

BTW Reg. No.: 357159852

**789**

**BELASTINGFAKTUUR**

**AAN:** Colby Traders
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

Kerkstraat 15
BELLVILLE 7530

21/03/2024

**BEPALINGS:** 10% afslag binne 30 dae
2,5% handelskorting

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | | Bedrag | |
|---|---|---|---|---|---|
| 12 | Ricoffy | 119 | 40 | 1 432 | 80 |
| 10 | *** Hoender 5 kg | 108 | 00 | 1 080 | 00 |
| | | | Subtotaal | 2 512 | 80 |
| | | | 2,5%-afslag | 62 | 82 |
| | | | | 2 449 | 98 |
| | | | 15% BTW | 367 | 50 |
| | | | TOTAAL | **R2 817** | **48** |

*** Skep 'n nuwe voorraaditem met 'n eenheid van 5 kg: Gebruik kode C002 (25)

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## 2.3 KREDIETOPGAWE VAN VOORRAAD

| DATUM | VERSKAFFER | REDE |
|---|---|---|
| 10/03/2024 | Bazaar Grocers | 5 Weetbix – bokse oopgemaak<br>10 Partytjiepakke – nie volgens bestelling nie |
| 23/03/2024 | Super Traders | 2 Ricoffy – verkeerde geur |

(13)

## 2.4 KONTANT- EN KREDIETVERKOPE

2.4.1 Z99 is die kontantverkoperekening wat gebruik word om kontantverkopetransaksies vas te lê.

2.4.2 Voeg die name en adresse van alle kontantklante in die *delivery address*-veld in.

2.4.3 Boodskap vir kontantklante: 'Dankie dat jy by ons gekoop het.'

2.4.4 Alle kontantklante ontvang 'n 7,5%-kontantkorting.

| NAAM | DATUM | VROEË BETALINGSBEPALINGE EN AFSLAG | BESONDERHEDE |
|---|---|---|---|
| I. Klue | 05/03/2024 | 15% binne 15 dae<br>5%-handelskorting | • 21 Weetbix<br>• 14 Ricoffy<br>• 7 Beesmaalvleis<br>• Afleweringskoste |
| Z. Ferreira | 13/03/2024 | 5% binne 60 dae | • 15 Partytjiepakke<br>• 30 Tjips |
| ***Nuwe klant*:<br>R. Roulain<br>63 Walton Drive<br>EPPING<br>7530<br>Tel: 0848527139<br>Kredietlimiet:<br>R2 000<br>BTW-registrasie:<br>123456789 | 21/03/2024 | 10% binne 30 dae<br>5%-faktuurafslag | • 10 Omo<br>• 15 Tandepasta<br>• 20 Tjips<br>• Afleweringskoste |
| Kontantverkoping<br>***Lewer af aan*:**<br>C. Peters<br>Reganstraat 2<br>GOODWOOD | 29/03/2024 | | • 25 Partytjiepakke<br>• 15 Tjips<br>• 5 Hoender |

**Skep die nuwe klant met behulp van die rekeningstruktuur wat reeds opgestel is. (30)

2.5 **KREDIETOPGAWE VAN VOORRAAD**

| KLANT | DATUM | REDE |
|---|---|---|
| Z. Ferreira | 14/03/2024 | 2 Partytjiepakke – afgelewer by S. Ferreira<br>4 Tjips – nie bestel nie |

(7)

2.6 **KLEINKAS**

*Nommer:* *V001*
*Datum:* *07/03/24*

**Colby Traders**
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

**Kleinkasbewys**

| | |
|---|---|
| ***Vir***: | *Ceder Dog Foundation (skenking)* |
| ***Bedrag***: | *R250,00* |
| ***Goedgekeur deur***: | *F. Viljoen* |

- Skep 'n rekening vir skenking (3600/000)

*Nommer:* *V002*
*Datum:* *14/03/24*

**Colby Traders**
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

**Kleinkasbewys**

| | |
|---|---|
| ***Vir:*** | *S. Jantjies – ('n tydelike werker se loon)* |
| ***Bedrag***: | *R180,00* |
| ***Goedgekeur deur***: | *F. Viljoen* |

*Nommer:* *V003*
*Datum:* *21/03/24*

**Colby Traders**
Voortrekkerstraat 52
BELLVILLE 7530

**Kleinkasbewys**

| | |
|---|---|
| ***Vir:*** | *Compin: Het die kantoordrukker en die drukker van eienaar se seun herstel (R150,00)* |
| ***Bedrag:*** | *R475,00* |
| ***Goedgekeur deur:*** | *F. Viljoen* |

(9)

Kopiereg voorbehou 

## 2.7 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL

### KONTANTREGISTERROL




**R5 500,94**

**29/03/2024**
**CRR301**

### KONTANTONTVANGSTE

| | |
|---|---|
| *Nommer:* *31* | **Colby Traders** |
| *Datum:* *03/03/24* | Voortrekkerstraat 52<br>BELLVILLE 7530 |

# Kontantkwitansie

| | | |
|---|---|---|
| *Ontvang van:* | *Nancy Jacobs* | |
| *Vir:* | *Kapitaalbydrae* | |
| *Bedrag:* | *Tienduisend rand alleen* | *R10 000,00* |
| | | |
| *Betaalmetode:* | | *Met dank:* |
| ☑ *EFT* ☐ *Debiet-/kredietkaart* ☐ *Bankdeposito* | | *F. Viljoen* |

| | | |
|---|---|---|
| *Nommer:* *32*<br>*Datum:* *10/03/24* | **Colby Traders**<br>Voortrekkerstraat 52<br>BELLVILLE 7530 |  |

# Kontantkwitansie

| | | |
|---|---|---|
| *Ontvang van:* | *I. Klue* | |
| *Vir:* | *Vereffen faktuur op 5 Maart 2024* | |
| *Bedrag:* | *???* | *R???* |

| | |
|---|---|
| *Betaalmetode:* | *Met dank:* |
| ☐ *EFT* ☐ *Debiet-/kredietkaart* ☑ *Bankdeposito* | *F. Viljoen* |

| | | |
|---|---|---|
| *Nommer:* *33*<br>*Datum:* *15/03/24* | **Colby Traders**<br>Voortrekkerstraat 52<br>BELLVILLE 7530 |  |

# Kontantkwitansie

| | | |
|---|---|---|
| *Ontvang van:* | *T. McDonald* | |
| *Vir:* | *Huur ontvang* | |
| *Bedrag:* | *Negeduisend sewehonderd rand alleen* | *R9 700,00* |

| | |
|---|---|
| *Betaalmetode:* | *Met dank:* |
| ☑ *EFT* ☐ *Debiet-/kredietkaart* ☐ *Bankdeposito* | *F. Viljoen* |

Skep en verreken vir huur ontvang. *Rekeningnommer 2950/000*

| | | |
|---|---|---|
| *Nommer:* *34*<br>*Datum:* *22/03/24* | **Colby Traders**<br>Voortrekkerstraat 52<br>BELLVILLE 7530 |  |

# Kontantkwitansie

| | | |
|---|---|---|
| *Ontvang van:* | *V. Vuso* | |
| *Vir:* | *Oninbare skuld verhaal* | |
| *Bedrag:* | *Eenduisend aghonderd rand alleen* | *R1 800,00* |

| | |
|---|---|
| *Betaalmetode:* | *Met dank:* |
| ☐ *EFT* ☑ *Debiet-/kredietkaart* ☐ *Bankdeposito* | *F. Viljoen* |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| *Nommer:* *35*<br>*Datum:* *25/03/24* | **Colby Traders**<br>Voortrekkerstraat 52<br>BELLVILLE 7530 | |

# Kontantkwitansie

| | | |
|---|---|---|
| *Ontvang van:* | *A. Davids* | |
| *Vir:* | *Kommissie ontvang* | |
| *Bedrag:* | *Vyfduisend vyfhonderd en vyftig rand alleen* | *R5 550,00* |
| | | |
| *Betaalmetode:* | | *Met dank:* |
| ☑ *EFT* ☐ *Debiet-/kredietkaart* ☐ *Bankdeposito* | | *F. Viljoen* |

**** Verander die beskrywing van rekeningnommer 2900/000 na Kommissie Ontvang*

**KONTANTDEPOSITO'S**

| Datum van deposito | Depositostrokienommer |
|---|---|
| 08/03/2024 | D3/1 |
| 12/03/2024 | D3/2 |
| 25/03/2024 | D3/3 |
| 29/03/2024 | D3/4 |

(14)

2.8 **KONTANTBETALINGSJOERNAAL (EFT's)**

| | **T001** |
|---|---|
| 04/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Lucky Stores |
| ***VIR:*** | Vereffen rekening (afslag 10%) |
| **BEDRAG:** | R??? |

| | **T002** |
|---|---|
| 06/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Computer Smart |
| ***VIR:*** | Skootrekenaar |
| **BEDRAG:** | R9 876,50 |

| | **T003** |
|---|---|
| 12/03/2024 | |
| ***AAN:*** | WC Stationers |
| ***VIR:*** | Penne en papier |
| **BEDRAG:** | R1 200,00 |

| | **T004** |
|---|---|
| 14/03/2024 | |
| ***AAN:*** | P. Sigwaga |
| ***VIR:*** | Salaris |
| **BEDRAG:** | R25 678,00 |

| | **T005** |
|---|---|
| 19/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Koerierrit |
| ***VIR:*** | Advertensiemateriaal vir Maart 2024 |
| **BEDRAG:** | R500,00 |

| | **T006** |
|---|---|
| 21/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Parow Munisipaliteit |
| ***VIR:*** | Elektrisiteit & Water<br>Besigheid R4 500<br>Eienaar R1 500.00 |
| **BEDRAG:** | R6 000,00 |

| | **T007** |
|---|---|
| 28/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Breedenet |
| ***VIR:*** | Diesel |
| **BEDRAG:** | R1 234,56 |

| | **T008** |
|---|---|
| 30/03/2024 | |
| ***AAN:*** | Kontant |
| ***VIR:*** | Kleinkas - herstel voorskotbedrag |
| **BEDRAG:** | R??? |

(15)

**MAAK DIE VOLGENDE DRUKSTUKKE VIR MAART 2024 EN GEE IN:**

2.1 Verskaffers-tydsontleding op 29 Februarie 2024. Druk beskrywing. Geen besonderhede nie. (4)

2.2 Verskaffers se facture (25)

2.3 Debietnotas (13)

2.4 Belastingfakture (30)

2.5 Kredietnotas (7)

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 2.6 | Kleinkasjoernaal | (9) |
| 2.7 | Kontantontvangstejoernaal | (14) |
| 2.8 | Kontantbetalingsjoernaal | (15) |
| 2.9 | I. Klue-staat op 31 Maart 2024 | (3) |
| | | **[120]** |

**TOTAAL AFDELING B: 120**

**AFDELING C**

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES**

1. Maak die rekeningstelsel van Kaus Traders (**KAUS**) oop, wat reeds op jou rekenaar gelaai is.
2. Die wagwoord is 123.
3. Kies SETUP.
4. Kies COMPANY PARAMETERS.
5. Kies die COMPANY-oortjie.
6. In die COMPANY DETAILS, kies die *Company Name*-afdeling en klik op *Educational Numbe*'.
7. Druk CTRL + SHIFT + T en voeg jou EKSAMENNOMMER in die blokkie wat verskyn in. Klik OK.

**BENODIG**

Kaus Traders, 'n algemene handelaar, het onlangs 'n gerekenariseerde rekeningkundige program gekoop. Kenneth Kaus, die eienaar, wil die bankrekonsiliasie op die rekeningkundige sagteware doen. Gebruik die inligting hier onder om die volgende vir Maart 2024 (tydperk 1) te voltooi.

- Gaan voort om die rekeningstruktuur te gebruik vir die Algemene Grootboek wat opgestel is. Indien daar GEEN rekening is om 'n transaksie aan te gaan nie, moet so 'n rekening geskep word.
- Druk al die dokumente na verwerking. Wanneer jy joernale druk, kies *print with contras*.
- Werk die joernale by.
- Sien bladsy 20 vir 'n volledige lys van die drukstukke wat ingegee moet word.
- Gee die drukstukke in in dieselfde volgorde as op bladsy 20. VYF punte sal afgetrek word indien drukstukke nie in hier volgorde ingegee word nie.

3.1 Gebruik die inligting hier onder wat in die boeke van Kaus Traders vir Maart 2024 (tydperk 1) verskyn:

3.1.1 Voltooi en druk (na die bankrekonsiliasie) die Kontantontvangstejoernaal met die bykomende inskrywings. (9)

3.1.2 Voltooi en druk (na die bankrekonsiliasie) die Kontantbetalingsjoernaal met die bykomende inskrywings. (12)

3.1.3 Volg die rekonsiliasieproses en druk die Bankrekonsiliasiestaat. (7)

**BANKSTAAT (***Die bedrae op die Bankstaat is korrek)**

**FINANCE BANK**

Kaus Traders
Mainweg 129
UPINGTON 8801

Rek. No.: 39701561983

**Bankstaat No. 1**

**Bladsy 1**

**Datum: 31 Maart 2024**

| DATUM | BESONDERHEDE | DEBIET(-) KREDIET | BALANS |
|---|---|---|---|
| 01/03/2024 | Balans | | 70 000,00- |
| 03/03/2024 | DEP23 | 34 200,00 | 35 800,00- |
| 04/03/2024 | 001 | 21 759,99- | 57 559,99- |
| 03/03/2024 | PSG03 | 4 500,00- | 62 059,99- |
| 05/03/2024 | Home Trust | 50 000,00 | 12 059,99- |
| 08/03/2024 | 003 | 750,00- | 12 809,99- |
| 09/03/2024 | 002 | 298,99- | 13 108,98- |
| 12/03/2024 | C Plato | 2 345,67 | 10 763,31- |
| 15/03/2024 | SAL1 | 25 000,00- | 35 763,31- |
| 15/03/2024 | Diensfooi | 12,34- | 35 775,65- |
| 18/03/2024 | 005 | 240,00- | 36 015,65- |
| 20/03/2024 | 006 | 3 000,00- | 39 015,65- |
| 24/03/2024 | DEP24 | 14 130,09 | 24 885,56- |
| 25/03/2024 | SELC | 754,32- | 25 639,88- |
| 27/03/2024 | DEP25 | 9 563,40 | 16 076,48- |
| 30/03/2024 | 007 | 14 831,96- | 30 908,44- |
| 30/03/2024 | Transaksiefooi | 6,50- | 30 914,94- |
| 31/03/2024 | INT | 123,45 | 30 791,49- |

- Op 03/03 – PSG03 is vir versekering by PSG Versekeraars vir Maart 2024.
- Op 05/03 – 'n lening is van Home Trust vir 5 jaar ontvang teen 19% rente per jaar. Herbenoem rekening 7400/000 dienooreenkomstig om hierdie transaksie aan te teken.
- Op 12/03 – van C. Plato vir 'n skuld wat voorheen as oninbaar afgeskryf is.
- Op 15/03 – SAL1 is vir N. Maputo se salaris vir Maart 2024.
- Op 25/03 – CELC is vir betaling van die eienaar se persoonlike selfoonkontrak.

Kopiereg voorbehou 

- Op 31/03 – INT is vir rente op die lopende rekening. Skep 'n nuwe rekening (2960/000) en teken die rente aan.
- Teken die bankkoste vir die maand aan.

3.2 Die volgende joernaalmemo's is gedurende Maart 2024 uitgereik. Teken die transaksies in die toepaslike joernaal/joernale aan.

| **KAUS TRADERS**<br>**KANTOORMEMO: 1/1**  | |
|---|---|
| **AAN:** Boekhouer | **DATUM:** 31 Maart 2024 |
| Bereken en teken waardevermindering vir Maart 2024 op Kantoortoerusting aan teen 25% per jaar op die dalende saldo. Saldo's op 1 Maart 2024:<br>• Kosprys van Kantoortoerusting: R75 000<br>• Opgehoopte waardevermindering op kantoortoerusting: R5 000<br>Rond af tot die naaste R100. (Wys berekening in Beskrywing-kolom) | |

| **KAUS TRADERS**<br>**KANTOORMEMO: 1/2**  | |
|---|---|
| **AAN:** Boekhouer | **DATUM:** 01 Maart 2024 |
| Skryf die rekening van V. Mene op 1 Maart 2024 af weens onvoldoende fondse. | |

| **KAUS TRADERS**<br>**KANTOORMEMO: 1/3**  | |
|---|---|
| **AAN:** Boekhouer | **DATUM:** 31 Maart 2024 |
| Op 17 Maart 2024 is 'n bedrag van R240 verkeerdelik vir *Advertising* in plaas van *Courier* aangeteken. Maak die fout reg. | |

(25)

Kopiereg voorbehou 

**DRUKSTUKKE WAT INGEGEE MOET WORD (in die volgende volgorde):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | Kontantontvangstejoernaal (na bankrekonsiliasie) | (9) |
| | 3.1.2 | Kontantbetalingsjoernaal (na bankrekonsiliasie) | (12) |
| | 3.1.3 | Bankversoeningstaat | (7) |
| 3.2 | | Joernaal/Joernale om aanpassings aan te teken | (25) |
| 3.3 | | Proefbalans vir Maart 2024 (Moenie openingsaldo's insluit nie; druk eers inkomstestaatrekeninge; moenie nul items druk nie) | (7) |
| | | | **[60]** |

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM**

**TOELAATBARE AFTREKKINGS MET BETREKKING TOT INSETBELASTING**

| | Word BTW gehef? | | Is INSET-BTW aftrekbaar? | |
|---|---|---|---|---|
| | **JA** | **NEE** | **JA** | **NEE** |
| Advertensies | X | | X | |
| Bankkoste:<br>~Diensfooie<br>~Transaksiefooie | XX | | XX | |
| Slegte skuld/verhaal | X | | X | |
| Kommissie ontvang | X | | X | |
| Rekenaar/drukker herstelwerk | X | | X | |
| Koerier | X | | X | |
| Waardevermindering | | X | | |
| Skenkings | | X | | |
| Tekeninge | | X | | |
| Elektrisiteit en water | X | | X | |
| Versekering | X | | X | |
| Rente betaal/ontvang | | X | | |
| Rente op agterstallige rekening | | X | | |
| Beleggings | | X | | |
| Lening | | X | | |
| Kantoortoerusting | X | | X | |
| Petrol en olie | | X | | |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | X | | X | |
| Huur betaal/ontvang | X | | X | |
| Salarisse en lone | | X | | |
| Telefoon | X | | X | |

Kopiereg voorbehou